
# Wat het jy om te gee?



**2024-11-10**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Inleiding

- Het ons genoeg van die Here binne ons om te kan gee?
- Is ons dalk self so leeg dat ons niks kan uitgee nie?



2

# Hand 3:1-10

**Hand 3:1** En Petrus en Johannes het saam na die tempel opgegaan op die uur van die gebed, die negende uur. 2 En daar is 'n sekere man aangedra wat van sy geboorte af kreupel was; hulle het hom elke dag neergesit by die tempelpoort wat die Skone genoem word, om 'n aalmoes te vra van die wat in die tempel ingaan. 3 Toe hy sien dat Petrus en Johannes die tempel wou binnegaan, het hy om 'n aalmoes gevra. 4 En Petrus saam met Johannes het hom stip aangekyk en gesê: Kyk na ons. 5 En hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou ontvang. **6 Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!** 7 Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. 8 En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys. 9 En die hele volk het gesien hoe hy daar loop en God prys. 10 En hulle het hom herken, dat dit hy was wat by die Skone Poort van die tempel gesit het om te bedel, en hulle is vervul met verwondering en verbasing oor wat met hom gebeur het.

3

# Twee is beter as een

**Hand 3:1** En Petrus en Johannes het saam na die tempel opgegaan op die uur van die gebed, die negende uur.

Pred 4:9 Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid. 10 Want as hulle val, kan die een sy maat optel, maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel.



4

# Soveel kreupeles en siekes om ons

Hand 3:2 En daar is 'n sekere man aangedra wat van sy geboorte af **kreupel** was; hulle het hom elke dag neergesit by die tempelpoort wat die Skone genoem word, om 'n aalmoes te vra van die wat in die tempel ingaan. 3 Toe hy sien dat Petrus en Johannes die tempel wou binnegaan, het hy om 'n **aalmoes** gevra.

- Fisies
- Geestelik



5

# Kyk ons nog om ons rond?

Hand 3:4 En Petrus saam met Johannes **het hom stip aangekyk en gesê**: Kyk na ons. 5 En hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou ontvang.

- Hulle wat verlore is.
- Die wat Jesus nie ken nie.
- Behoeftiges
- Kreupeles
- Moedeloos en hopeloos
- Die wat hartseer is en treur

Ignoreer ons dalk eerder?

Is ons vrymoedig genoeg om vir ander te sê om na ons te kyk?



6

## Wat het jy om te gee?

Hand 3:6  Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; **maar wat ek het**, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!

- Petrus het iets beters gehad om te gee.
- Waarvan is ons vol?
- Hoeveel het jy om te gee?








7

## In die Naam van Jesus Christus

Hand 3:6  Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: **In die Naam van Jesus Christus**, die Nasaréner, staan op en loop!
7  Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en **onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword.**

- In Jesus Christus se Naam word voete en enkels sterk.
- Siele wat geestelik kragteloos  en dood was word lewendig.
- Woord van God – Aksie – Geloof – **Heilige Gees** doen die werk.



Psa 107:20  Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red.

8

# Die vyand vrees die Naam van Jesus

Hand 4:17  Maar dat dit nie nog meer onder die volk versprei word nie, laat ons hulle dreig om nie meer in hierdie Naam met enige mens te spreek nie.
Hand 4:18  En hulle het hul geroep en hulle bevel gegee om in die geheel nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie.

9

# Dit moet eindig met lof en aanbidding

Hand 3:8  En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys.  9  En die hele volk het gesien hoe hy daar loop en God prys. 10  En hulle het hom herken, dat dit hy was wat by die Skone Poort van die tempel gesit het om te bedel, en hulle is vervul met verwondering en verbasing oor wat met hom gebeur het.

- Soveel krag hy kon opspring en dadelik loop.
- Nie eers versigtig en stadig nie.
- Die Heilige Gees se krag binne ons.
- Jou siel en gees moet ook kan spring en juig van vreugde.



En Ek sal hulle sterk maak in die HERE, en hulle sal in sy Naam wandel, spreek die HERE. Sag 10:12

Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. Jes 35:6

10

# Die Naam van Jesus Christus

Hand 3: 11 En toe die kreupel man wat genees was, aan Petrus en Johannes vashou, het die hele volk uitermate verbaas na hulle gehardloop in die pilaargang wat Salomo s'n genoem word.
12 En toe Petrus dit sien, sê hy vir die volk: Israeliete, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of godsvrug bewerk het dat hy loop? 13 Die God van Abraham en Isak en Jakob, die God van ons vaders, het sy Kind Jesus verheerlik, Hom wat julle oorgelewer en voor Pilatus verloën het toe hy besluit het om Hom los te laat.

16 En deur die geloof in sy Naam het sy Naam hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal.

Hand 2:21 En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Rom 10:13 Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

11

# Wat het jy om te gee?

**6 Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!**




Fil 2:9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom **'n naam gegee wat bo elke naam** is,
Fil 2:10 sodat in die **Naam van Jesus** sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,

**1Joh 3:23** En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het.

12